# Op 90 geniet ds. George Daneel nog sy rugby

Gert van der Westhuizen

OP negentigjarige leeftyd geniet ds. George Daneel, die oudste lewende Springbokrugbyspeler, nog sy rugby. Veral as Westelike Provinsie Noord-Transvaal die dag op Loftus Versfeld die loef afsteek.

Ds. Daneel is twee Saterdae gelede spesiaal na Loftus Versfeld om die Streeptruie in hul wedstryd teen die Blou Bulle aan te moedig. En hy is nie teleurgestel nie.

"Dit was 'n baie opwindende wedstryd. Veral in die laaste oomblikke," sê hy.

"In die dae toe ek nog vir WP gespeel het, was die vraag nie of ons gaan wen nie, maar hoe ver ons gaan wen. Ons het nooit verloor nie."

Ds. Daneel, wat al sedert sy 88ste jaar die oudste lewende Springbokrugbyspeler is, het gister 90 geword. Hy en sy vrou, Joey, het dié mylpaal gevier deur 'n teepartytjie saam met vriende te hou. Later gistermiddag is nog 'n geselligheid ter ere van ds. Daneel gehou.

Die telefoon in sy woonstel het vóór die teepartytjie aanhoudend gelui. Een van die mense wat hom gebel het, was niemand anders nie as dr. Louis Luyt, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie.

"Ek het aan dr. Luyt gesê hy is die regte man op die regte plek. Hy het die vermoë en energie om die taak te verrig wat hy opgelê is."

Ds. Daneel sê hy is nie té bekommerd oor Suid-Afrikaanse rugby nie.

"Daar kom tye wanneer jou span goed speel en ander tye wanneer hy nie goed speel nie. Ons moet nou bou vir die toekoms. Ons het die materiaal en talent daarvoor.

"Dit is net baie belangrik dat die span nou 'n eenheid word."

Ds. Daneel behoort te weet waarvan hy praat. In sy agt toetse (teen die All Blacks in 1928 en die vier Britse tuisunies in 1931-32) was hy net twee keer aan die verloorkant.

● Nog net vyf van ds. Daneel se spanmaats wat saam met hom die Groen en Goud gedra het, leef vandag nog: Gerry Brand (87), J.C. van der Westhuizen (88), Ponie van der Westhuizen (84), Frankie Waring (85) en Jimmy White (81).



Te oordeel na die duim wat ds. George Daneel hier in die lug hou om te wys dat dinge nog klopdisselboom gaan, sal hy nog lank die oudste lewende Springbokrugbyspeler wees. Hy het gister 90 geword.
Foto: KAREL PRINSLOO



DIE langslewende Springbokrugbyspeler, ds George Daneel, word hier met sy 90ste verjaardag gelukgewens deur die voorsitter van die Noord-Transvaalse Rugby-unie, mnr Hentie Serfontein.

# Springbok vier sy negentigste jaar

SPRINGBOKRUGBY het onlangs die geleentheid gehad om die goue jare in herinnering te roep toe een van die legendariese spelers van die laat twintiger- en vroeë dertigerjare, ds George Daneel, sy 90ste verjaarsdag gevier het.

Ds Daneel, wat in 1928 en 1931 Springbokkleure verwerf het, het gelukwense van heinde en ver ontvang, onder andere van die president van SARVU, dr Louis Luyt.

Die voorsitter van die Noord-Transvaalse Rugby-unie, mnr Hentie Serfontein, het hom persoonlik namens die unie en SARVU gelukgewens.

Hoewel hy rugby vir die WP gespeel het, is ds Daneel nou 'n permanente inwoner van Pretoria. Hy woon in Huis Herfsblaar in Waverley.

Hy het darem in 1931 in ses of sewe wedstryde vir Tukkies op die veld gedraf, sê ds Daneel.